

KENNISGEWING 125 VAN 2021**STAD VAN TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING VAN 'N HERSONERINGSAAANSOEK IN TERME VAN ARTIKEL 16(1) VAN DIE STAD
TSHWANE SE GRONDGEBRUIKSBESTUUR BY-WET, 2016 SAAMGELEES MET SKEDULE 23**

Ek, Willem Georg Groenewald (ID Nr. 700404 5221 08 7) van Landmark Planning BK. (Reg. Nr. 2009/101412/23), synde die applikant in my hoedanigheid as gemagtigde agent van die eienaar van die volgende eiendom naamlik Gedeelte 1 van Erf 62, Hatfield, Gauteng, gee hiermee ingevolge Artikel 16(1)(f) van die Stad van Tshwane se Grondgebruiksbestuurverordening, 2016, kennis dat ek by die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die wysiging van die Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008 (Hersien 2014) deur die hersonering ingevolge Artikel 16(1) van die Stad van Tshwane se Grondgebruiksbestuur By-wet, 2016 van die bogenoemde eiendom. Die eiendom is geleë te Pretoriusstraat 1077, Hatfield.

Die hersonering is van "Spesiaal" vir die doeleindes van kantore, onderworpe aan die voorwaardes vervat in Bylae T (B8292) van Wysigingskema Nr. 10900 na "Residensieël 4", insluitend Studentebehuising met 'n digtheid van 189 eenhede per hektaar (maksimum van 24 eenhede), onderworpe aan sekere voorgestelde voorwaardes. Die voorneme van die applikant is om die nodige grondgebruiksregte en beheermaatreëls te bekom om 24 studentwoonstelle/eenhede te ontwikkel op die eiendom.

Enige beswaar(e) en/of kommentar(e), insluitend die gronde van beswaar(e) en/of kommentaar(e) met die volle kontakbesonderhede (selfoonnommer en/of epos adres) waarsonder die Munisipaliteit en/of applikant nie kan korrespondeer met die persoon of liggaam wat die beswaar(e) en/of kommentaar(e) indien, sal gerig word of skriftelik ingedien word by of tot: Die Bestuurshoof: Ekonomiese Ontwikkeling en Ruimtelike Beplanning, Posbus 3242, Pretoria, 0001 of CityP_Registration@tshwane.gov.za binne 28 dae van die datum van eerste verskyning van die kennisgewing in die Provinsiale Gazette, Beeld en Citizen koerante.

Datums waarop kennisgewing gepubliseer word: 27 Januarie 2021 en 3 Februarie 2021

Sluitingsdatum vir enige besware/kommentare: 24 Februarie 2021

Sou enige belanghebbende of geaffekteerde party, 'n afskrif van die grondgebruiksaansoek wil bekom, kan 'n afskrif van die Munisipaliteit aangevra word. So 'n afskrif kan versoek word deur die volgende kontakbesonderhede te gebruik: newlanduseapplications@tshwane.gov.za. Alternatiewelik kan 'n identiese afskrif van die grondgebruiksaansoek van die applikant versoek word deur die volgende kontakbesonderhede van die applikant te gebruik. Die sal binne 3 dae na die versoek, van enige belanghebbende of geaffekteerde party, deur die applikant voorsien word:

- Epos adres: info@land-mark.co.za
- Fisiese adres van die kantoor van die applikant: Jeanlaan 75, Centurion, 0157
- Kontak telefoonnommer: 012 667 4773

Daarbenewens kan die aansoeker by indiening van die aansoek óf 'n afskrif elektronies deurstuur óf die aansoek op sy webwerf publiseer (indien van toepassing) wat die bevestiging van die volledigheid daarvan deur die munisipaliteit vergesel. Die aansoeker sal toesien dat die afskrif wat gepubliseer is of aan enige belanghebbende en geaffekteerde party deurgegee word, die afskrif is wat saam met die munisipaliteit aan newlanduseapplications@tshwane.gov.za voorgelê is.

Ten einde 'n afskrif van die aansoek te bekom, moet daarop gelet word dat die belanghebbende en geaffekteerde party 'n epos adres of ander kontakbesonderhede aan die munisipaliteit en die aansoeker moet verskaf om sodanige afskrif elektronies te bekom. Geen deel van die dokumente wat deur die munisipaliteit of die aansoeker voorsien word, mag gekopieër, gereproduseer word, of in enige vorm gepubliseer of gebruik word op 'n manier wat inbreuk maak op die regte van die applikant nie. Indien 'n belanghebbende of geaffekteerde party nie stappe doen om 'n afskrif van die grondontwikkelingsaansoek te besigtig of te bekom nie, word die sodanige versuim nie as rede beskou om die verwerking en oorweging van die aansoek te verhoed nie.

Volledige besonderhede en planne (indien enige) kan gedurende gewone kantoorure tussen 8h00 en 16h30 by die kantore van die applikant, soos hierbo uiteengesit, besigtig word, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste verskyning van die kennisgewing naamlik 27 Januarie 2021. Die koste van enige afskrif van die aansoek sal vir die rekening van die party wees wat dit versoek. Verwysing: CPD/9/2/4/2-5821T (Item Nr. 32749)